9/61

Een ding ontbreek jou. Openbaring 2;1-7.

Openbaring 2:4. Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

Begin vandag met die eerste van 7 boodskappe oor die 7 briewe van Christus uit die hemel geskrywe aan die 7 gemeentes op die aarde. Die getal 7 is die getal van volmaaktheid in die Skrif. Dit is duidelik dat die nie afsonderlike boodskappe is nie. 7 boodskappe aan 7 afsonderlike Kerke nie maar een boodskap almal saam vir elke Kerk. Dis 'n boodskap van Christus uit die le eeu aan sy kerk van alle eeue.

Die eerste brief is gerig aan Efese met 'n baie goeie rede.

Geskiedenis van die Stad.

1. Die grootste hawestad in Asië. Al die groot handelsroetes van die OOste oor Asië peil af op die stad- Eufraat, Mesopotamië. Galasië, die Meander vallei, Efese, die poort van Asië, die grootpad na Rome ( martelaarspad.)

2. Dit was 'n vry stad. Sekere stede van die Romeinse ryk het die besondere vorregte geniet. Hulle was selfregerend, geen troepe regspraak daar. en is genoem vry stede.

3. Die sentrum van aanbidding van Artenis.(Diana) met die tempel van Diana een van die sewe wonders van die wêreld behalwe nog 2 ander tempels gewy aan die Romeinse Keisers. Hier was die heidense godsdiens op sy sterkste.

4. Berugte sentrum van die heidense begeloof. Die sogenoemdeEfesiër klare ("charms"- wat allerlei genesende en gelukbringende eienskappe sou besit. Mense oor die hele wêreld het hulle kom koop.

5. Stad met 'n groot gemengde bevolking- middelpunt van misdaad en onsedelikheid; honderde priesteresse by die tempel sogenoemde heilige prostitute

Dit was Efese; 'n meer onbekerende teelaarde vir die wortelskiet van die evangelie van Christus nouliks te bedink.

Stigting van Gemeente; Volledig beskrywe in Handelinge 18-20 na 'n haastige besoek van Paulus laat hy Aquila en Priscilla agter. Dan kan Appelos 712 mense doop. Paulus keer terug na ongeveer 3 jaar en stig 'n sterk gemeente voor sy vertrek. Daarna het Johannes die opbouwerk voortgesit. Dus in ~~die~~ hierdie harde onvrugbare bodem plant Christus een van sy sterkste gemeentes, behaal die Christendom een van sy grootste triomfe.

As beskawing en besieling vir die Kerk deur die eeue om nooit self te bepaal maar na ons mening die Evangelie sal ingang vind en waar nie.

Die Brief Self.

a) Boodskapper: In die inleiding van hierdie kort briefie van 7 verse gee Christus 2 beskrywinge van die hoofstuk. Elke brief het so 'n beskrywing- elkeen anders, elkeen wat inpas by die besondere gemeente aan wie Christus skrywe.

1. Wat die sewe sterre in sy regterhand hou. Die 7 sterre is die 7 ampsdraers , die ouderlinge, die kerkraad. Die woord vir hou is 'n baie sterk woord ( ) volkome beheer van die volle groep- dus Christus hou die hele Kerk vasgryp in sy hand, nie nt ons Kerk nie, maar elke kerk. Hy is die Christus van die hele Kerk- almal in sy hand. Wanneer mense dus mure opbou of laat opbou tussen Kerk en Kerk doen hulle wat Jesus nooit doen nie en nooit wil doen nie. Regterhand is die krag gesag. Hy die behou doe orde.

2.Wat wandel tussen die 7 goue kandelaars. Die kandelaars is die Kerke Christus wandel- sy onvermoeide aktiwiteit in sy Kerk. Christus nie gebonde aan een Hy is in almal, by almal, weet van almal.

b) Bemoediging:

1. Ek ken jou werke - julle diens, julle aktiewe besig wees in die dinge van die Here.

2. Ek ken jou arbeid- toil- kottos. arbeid gepaard met groot opoffering, inspanning, uitputting . pyn.

3.Jou lydsaamheid. Standvastige volharding jou moed wat lyding en ontbering omskep in glorieryke getuienis.

4. Dat jy slegte mense nie kan verdra nie. Geen onreinheid sedelike laksheid- kerklike tug gesond en suiwer.

5. Op die proef gestel-...... en hulle leuenaars bevind het. Kerk was gesteld op die suiwerheid in sy leer. Valse leraars uitgeken en onderskep.

6.Jy verdra het. Die vervolging en bespotting weerstaan.

7. Nie moeg geword het nie. Groot geestelike reserwes met groot getrouheid vol[illegible]hou.

W[illegible]k. Wat 'n pragtige getuigskrif. Watter gemeente vandag kom [illegible]rdie aanprysings.

Hoeveel sal ons nie gee as dit alles van ons gemeente of van die N.G. Kerk gesê kan word nie. Mos 'n perfekte kerk hierdie.

c. Beskuldiging- Betugting. Net een sin net een klag net een gewiggie op die anderkant van die skaal, jy het jou eerste liefde verlaat.
Dis al maar dis genoeg.
Ons hoor van die klag ook reeds by Jeremia teen die volk van God (Jer.2;2 So spreek die Here- "Ek onthou die gemeentheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd."
Wat is die eerste liefde in die lewe van 'n Christen van 'n Kerk?
Is dit nie die eerste heilige vervoering van Christus kameraadskap, van innige broederliefde, van warme toegeneintheid eensgesindheid, van eendragtige hulp van die een teenoor die ander nie?
Dit alles was daar; die egte liefde, die liefde wat rein en heilig en opofferend is, die liefde wat alles gegee het en niks gevra het nie. En dit sê die Here is weg.
Maar die Here sê nog meer, waar 'n Kerk hierdie liefde nie meer ken nie, nie meer soek bo alle dinge nie daar kom Christus en neem die kandelaar weg. d.w.s. daardie kerk kan nie bly bestaan nie hy verdwyn. Al is die leer hoe suiwer, die tug hoe goed, die organisasie hoe puik- as die liefde ontbreek, ontbreek alles. Dan is al wat oorbly 'n Kerk sonder hart.

d. Bekering Drie stappe.

1. Besin. Onthou herinneringe is altyd die eerste stap terug. Herinnering van hoe Christus u ontmoet het, hoe u moeder vir u gebid het, hoe u met ywer vir die Here gewerk het. Dink.
2. Berou. Bekeer jou. 'n Heiden kan hom bekeer maar 'n kerk hom bekeer. Hoe op aarde is dit moontlik. Dit is makliker vir 'n heiden, 'n goddelose 'n atrid om hom te bekeer as vir 'n Kerkme.s God sê Die Kerk moet hom bekeer. Draai.
3. Begin. Doen die eerste werke. wat die vrug van die liefde is Doen.

e. Beloning. Hy wat oorwin sal ek gee om te eet van die boom wat binne in die paradys van God is.
Watter geweldige woord.
"Al sou ek die tale van mense en engele spreek en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword."